Groote Schuur opgeknap

KultuurKroniek het al dikwels berig oor die haglike toestand waarin van die mooiste staatsgeboue in Kaapstad en elders verkeer en oor die ongeërgde houding van die departement van openbare werke oor sy instandhoudingspligte. Oor die toestand van Groote Schuur, voorheen premierswoning in Kaapstad, is telkens berig. Die staat het pas R5 miljoen begroot vir die opknapping daarvan. MARTIENS VAN BART vertel meer oor die jaar lange projek.

Groote Schuur, voorheen die premierswoning in Kaapstad. Foto's: MARTIENS VAN BART

EEN van die mooiste ampswonings ter wêreld, Groote Schuur aan die voet van Duiwelspiek in Rondebosch, gaan teen R5 miljoen opgeknap word. Die woning, wat hoofsaaklik as 'n museum benut word, gaan geruime tyd reeds agteruit weens vogindringing en 'n gebrek aan behoorlike instandhouding deur die departement van openbare werke.

Dié departement het reeds in 2000 'n argitek, mnr. Chris Bam van die firma Bam Zollner Argitekte, aangestel om 'n verslag oor die toestand van die gebou op te stel. Sy ondersoek het indertyd aangetoon dat opknappingswerk van sowat R1 miljoen nodig is.

Sedertdien het die gebou weens 'n gebrek aan instandhouding verder agteruitgegaan – ook omdat daar nie na die gebreke omgesien is nie. 'n Onlangse opvolgverslag deur Bam se vennoot, me. Heidi Zollner, het getoon dat die herstelwerk nou R5 miljoen gaan kos.

Dit behels onder meer die dig maak van die kleipandak, die herstel van die vensterrame (vir 5 350 ruite) en 160 deure van ingevoerde Birmaanse kiaat en die herstel van die binnemure waar veral reënwater skade aangerig het.

Vir laasgenoemde moet onder meer talle houtpanele en ook die kosbare fries van Cordova-leer in die sitkamer (kyk foto) verwyder word. Heelparty van die duursame meubels en kunswerke sal verskuif of tydelik verwyder moet word. Die kurator, mev. Alta Kriel, sal oor laasgenoemde toesig hou.

Een van die restoureerders wat by die projek betrokke is, is mnr. Jan Corewijn van Houtbaai. Hy sal veral omsien na die herstel van die hout- en leerwerk en die verwydering van roes van die siersmeeysterwerk by die voordeur en elders in die gebou.

Onvanpaste veranderings wat oor die afgelope honderd jaar (nadat Cecil John Rhodes die gebou deur sir Herbert Baker in 'n premierswoning laat omskep het) aangebring is, sal verwyder word. Daaronder is vloerbedekkings wat die oorspronklike marmer- en keramiekteëls lank verberg het. Die projek sal 'n jaar duur.

Die bouaannemer is mnr. Leon de Bruin van W. Voigt Aannemers en die projekbestuurder is mnr. Marius Taljaard van DOW.

Groote Schuur bevat 'n kosbare inhoud aan antieke kunsware van etlike miljoene rande. Die werklike waarde daarvan is inderdaad onskatbaar, aangesien elke stuk onvervangbaar is en baie daarvan verband hou met die ryk geskiedenis van Suider-Afrika.

Die gebou speel reeds drie eeue lank 'n vername rol in die ontwikkelingsgeskiedenis van Suid-Afrika. Goewerneur Jan van Riebeeck en sy Politieke Raad het in 1657 'n Kompanjiesgraanskuur, De Schuur, op die terrein met sy panoramiese uitsig op die Kaapse Vlakte, Valsbaai en die Bolandse en Kaapse berge laat oprig.

De Schuur is op 21 November 1791 aan Hendrik Christiaan Heroldt vir 53 000 gulden verkoop. Dié landgoed is later verdeel in Groote Schuur, Klein Schuur en Onder Schuur, en op elk is 'n ampswoning opgerig.

Die graanskuur is omstreeks 1802 in 'n platdakhuis met twee stoepkamers verander. Dit was toe die eiendom van die fiskaal en president van die Collegie van Weesmeesters, W.S. van Ryneveld. Hy het die grense van die landgoed ook uitgebrei. D.G. Anosi het dit later gekoop en die naam De Schuur na Groote Schuur verander. Hy het 'n deel van die grond afgesonder en dit Onder Schuur genoem. Dit is later Westbrooke, na die indertydse eienaar regter William Westbrooke, genoem. In 1994 het oud.pres. Nelson Mandela dit na Genadendal herdoop toe hy daar as eerste swart president van Suid-Afrika gaan woon het.

In 1839 het Abraham de Smidt die platdakhuis van Groote Schuur in 'n huis met 'n spits strooidak verander. Die dak het kort daarna afgebrand, waarna die gewels gesloop en 'n leidak opgesit is.

Rhodes, eerste Britse premier aan die Kaap, het die huis in dié toestand gekoop. In 1896 het hy die Britse argitek sir Herbert Baker aangestel om dit in 'n deftige eietydse Kaaps-Hollandse ampswoning te verander "as 'n waardige tuiste vir hom (Rhodes) en die toekomstige premiers van die land".

Hy het Baker en 'n Londense aankoper, kunskenner en binneversierder, Arthur Leslie Collie, aangestel om oor die hele wêreld heen gepaste meubels en kunsvoorwerpe vir die woning te vind. Sommige kosbaarhede is van Afrika, soos die antieke Zimbabwe-voël wat by die Zimbabwe-murasie gevind is.

Die 119 muurpanele van agttiende-eeuse Cordova-leer in die sitkamer moet verwyder word om die mure te herstel.